

## **SARS Doeane stel gebeurtelikhedsmaatreëls in plek by grensposte te midde van staking**

**Tshwane, 15 Julie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) wil handelaars en reisigers gerus stel dat verskeie gebeurtelikhedsmaatreëls ingestel is by ons landsgrense om minimale ontwrigting te veroorsaak te midde van die huidige industriële aksie by SARS.

SARS sal seker maak dat die volgende vermoëns beskikbaar bly vir die tydperk van die industriële aksie:

- Die prosessering van verklarings sal soos normaal voortgaan;
- Fisiese inspeksies van goedere sal soos normaal voortgaan, met inspeksie finalisering gesentraliseer en bestuur op 'n 24-uur basis.
- Daar is met Handel geskakel oor tydelike maatreëls ten opsigte van die magtiging en bestuur van SADC-sertifikate van oorsprong vir vrag wat oor landsgrense vervoer word. 'n Brief in hierdie verband is vandag op die SARS-webtuiste gepubliseer.
- Grensbedrywighede sal voortgaan soos normaal met die beskikbare personeel, ondersteun deur 'n aantal SARS-beamptes wat vanaf hoofkantoor en ander streke ontplooi is. Kliënte word aangemoedig om van alternatiewe hawens gebruik te maak, indien dit sou nodig word.

SARS poog om handeldryf ingelig te hou van enige gebeurtelikhedsbeplanning ten opsigte van die staking en om 'n egalige vloeï van handeldryf te verseker. Besoek asseblief die SARS-webtuiste gereeld vir nuus oor enige SARS-takke of grensposte wat gesluit mag wees: [Latest on the SARS Industrial action impact | South African Revenue Service](#). Handelaars wat dringende kwessies of navrae het kan 'n e-pos stuur aan [OSC@sars.gov.za](mailto:OSC@sars.gov.za).

Vir meer inligting, kontak [Sarsmedia@sars.gov.za](mailto:Sarsmedia@sars.gov.za).